SAOU **Noord-Kaap • Northern Cape**
Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za
☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

1 Oktober 2015 No: 24 van 2015

TYDELIKE ONDERWYSERS EN BONUSSE

Die kantoor ontvang heelwat navrae oor die betaling van diensbonusse aan onderwysers wat tydelik aangestel is.

Onderwysers wat tydelik in diens geneem is en voordele ontvang (d.w.s nie die addisionele 37% kry nie) kry wel pro rata bonusse, bereken soos dit in die "Financial Manual 2014" voorgeskryf word:

The service period is deemed to be as follows:

- *"the service period of 12 months ending on the last day of the month that precedes the month in which the the service bonus pay date for the employee concerned falls; or*

- *the period which elapsed from the date of the (latest) appointment of the employee concerned up to the last day of the month **preceding** the month in which his or her service bonus pay date falls, if he or she had not been employed for the full period of 12 months as mentioned above"*

Dit beteken dus dat, as 'n persoon in Augustus verjaar, sy/haar bonus bereken word vanaf die aanstellingsdatum (1 Januarie) tot 31 Julie, dus 7 maande.

BEHUISINGSTOELAE

Die ooreengekome behuisingstoelae is nog nie geïmplementeer nie. Die nuwe stelsel skyn redelik ingewikkeld te wees met die toevoeging van die spaar-opsie. Die vermoede bestaan dat daar nog gewerk word aan die tegniese besonderhede van die implementering. Dit sal egter terugwerkend tot 1 Julie 2015 betaal word wanneer dit in werking gestel word.

GRADING OF SCHOOLS

The salary level of a principal of a school is determined by the grading of a school. The grading of schools is determined by the number of educator posts allocated to a school in terms of the national norms. In the case of special schools (LSEN schools) the number of educator posts allocated to a school for this purpose includes all teaching staff and therapists.

The re-grading of schools is regulated by the Regulations pertaining to the Employment of Educator's Act, PAM, Collective Agreement 3 of 2006 and Collective Agreement 1 of 2008.

Skoolhoofde wat van mening is dat sy/haar skool se gradering foutief is, moet

dadelik die volgende besonderhede aan die Provinsiale Sekretaris stuur:

- Huidige gradering (aangedui deur P1, P2, P3, P4 of P5 op die Salarisadvies onder die opskrif: Werksbenaming).
- Afskrif van sy/haar nuutste Salarisadvies.
- Afskrifte van die personeelvoorsiening vir 2013, 2014 en 2015.

OMSKAKELING VAN TYDELIKE NA PERMANENTE AANSTELLING

In ‘n vorige nuusbrief is gemeld dat die Departement onderneem het om sekere persone wat voorheen bedank het, se aansoeke om omgeskakel te word, op meriete te hanteer. Die SAOU het verneem dat sommige distrikskantore bloot geweier het om sodanige aansoek te ontvang. Dit kan ook gebeur het dat die aansoeke wel deur Distrikskantore ontvang is, maar summier gediskwalifiseer is.

Skoolhoofde en lede wat op hierdie wyse benadeel is, moet die volledige dokumentasie (aansoekvorm, aanbeveling deur die beheerliggaam, motivering ens.) onverwyld aan die kantoor stuur sodat dit opgevolg kan word.

OKTOBERVAKANSIE

Ons wens alle lede ‘n aangename rustyd toe. Alhoewel dit maar ‘n kort vakansie is, vertrou ons dat u dit ten volle sal geniet.

Die Provinsiale Sekretaris is vanaf 2 tot 9 Oktober 2015 met verlof, maar een van die Vakbondverteenwoordigers sal beskikbaar wees vir dringende navrae.

SLOTGEDAGTE

SAOU APP

For instructions to download the SAOU App, click on the following link and follow the instructions:
http://www.saou.co.za/saou-application-app/.

EVALUEER DIE KWALITEIT VAN SAOU (NOORD-KAAP) SE DIENSLEWERING/ *EVALUATE THE QUALITY OF SERVICE DELIVERY OF THE SAOU (NORTHERN CAPE)*
Click here/Kliek hier: http://emailmanager.co.za/saou/2015-04-14-Questionnaire/questionnaire.asp